Orionland Kleuterskool

# Ekstra Aktiwiteite

Die volgende aktiwiteite word by Orionland Kleuterskool aangebied en <u>GEEN</u> fooie is hierby betrokke nie.

- **Kleutermusiek** word een maal per week, tydens skoolure, aangebied vir al die kleuters.

- **Kunswedstryd:** Ons neem jaarliks deel aan die kunswedstryd.
  Kleuters (Gr. 000 – Gr. 0/R) word gekeur vir individuele voordrag.
  Slegs 'n minimale inskrywingsfooi is betaalbaar.

- **Slagorkes:** Ons neem jaarliks deel aan die kunswedstryd.
  <u>Gr. 0/R - kleuters</u> word gekeur vir die slagorkes.
  Slegs 'n minimale inskrywingsfooi is betaalbaar.

- **Spreekkoor:** Ons neem jaarliks deel aan die kunswedstryd.
  <u>Gr. 0/R - kleuters</u> word gekeur vir die spreekkoor.
  Slegs 'n minimale inskrywingsfooi is betaalbaar

- **Balvaardighede:** Dit word tydens die eerste en tweede kwartaal vir die Gr. 0/R-dogters aangebied. Hulle oefen soggens voor skool. Kleuters word nié verplig om dit by te woon nie, maar ons glo dit is 'n goeie geleentheid vir hul om die spel aan te leer. Afrigting word deur onderwyseresse van Orionland gedoen.

- **Welpierugby** word vir die Gr. 0/R-seuns aangebied en hulle word afgerig deur belangstellende pappas. Hulle oefen twee keer per week van 17:00 – 18:00 in die tweede kwartaal.